DIE HOËRSKOOL DF MALAN

Min sake is vir ouers so belangrik soos die keuse van 'n skool vir hulle kinders. Dit is dan ook om dié rede dat ons opgewonde is om die baie spesiale onderwysbelewing wat die Hoërskool DF Malan bied, aan u bekend te stel.

Op 20 Januarie 1954 het die Hoërskool DF Malan sy deure wawyd oopgemaak om sy eerste leerders met ope arms te verwelkom. Sonder vrees vir teenspraak kan 'n mens met reg beweer dat die stigting van hierdie skool 'n nuwe era vir onderwys in Bellville ingelei het.

DF Malan het 'n visie om as 'n wêreldklasskool 'n leiersrol op die gebied van die onderwys te speel. Vandaar dan ook die entrepreneuriese gees waarin die skool se daaglikse doen en late bedryf word. Ons wil nie net onderwys vir Dee-Effers bevorder nie, maar vir alle leerders in Suid-Afrika. Die belanghebbendes by DF Malan verwag van die skool en sy leerders om nie net volgelinge te wees nie, maar ware spoormakers wat die weg van die onderwys in Suid-Afrika aandui.

Ons strewe na die geheelopvoeding van al ons leerders om hulle vir die wêreld buite die skool voor te berei. Ons doen dit deur die ontwikkeling van 'n gebalanseerde selfbeeld, gesonde leefwyse, bevordering van selfdissipline, 'n optimistiese lewensingesteldheid en begrip vir ander gelowe en kulture.

DF Malan is 'n sterk akademies-gerigte skool, omdat ons glo dat kennis die een kommoditeit is wat nooit van enige individu weggeneem kan word nie. Oor die jare handhaaf die skool skitterende uitslae in die Senior Sertifikaateksamen van die Wes-Kaap. Die afgelope 5 jaar het meer as 'n derde van die klas A-simbole behaal!

In 1999 is DF Malan deur die Wes-Kaapse Onderwysdepartement as een van die 15 topskole in Wes-Kaap aangewys. Vir dié besonder suksesvolle uitslae van 2002, 2003 en 2006 ontvang DF Malan ook 'n ministeriële toekenning vir "Uitnemendheid in Akademiese Prestasie".

Hierdie sukses is in 2007 opgevolg deurdat DF onder die top 10 skole in die provinsie geëindig het. Dat akademie ons besigheid is, blyk ook uit die feit dat hierdie prestasie in 2008 herhaal is.

Dit is egter nie net op akademiese gebied waar DF presteer nie. Ons beskou onsself as 'n goed gebalanseerde skool waar akademie, sport en kultuur ewewigtig by mekaar inskakel om aan ons kliënte die geleentheid te bied om hulle volle potensiaal te verwesenlik.

Op die gebied van sport verloop sake ook baie suksesvol. Al die gewone skool-sportsoorte word aangebied en die spesialisvoorbereiding van alle sportsoorte baat by die kundigheid van die DF-Sportakademie. Buitesportsoorte ontvang ook erkenning binne die erekleurestelsel van die skool. Leerders behaal in 'n wye verskeidenheid sportsoorte provinsiale en nasionale kleure.

Kultuur was en sal altyd 'n belangrike prioriteit van ons skool wees. Ons koor presteer skitterend tydens eisteddfods en koorfeeste en die Blaasorkes het reeds internasionaal opgetree en aan die Weense Jeugfees deelgeneem. Die debatsvereniging het reeds op nasionale vlak sy merk gemaak.

Ons uitruilaksie met ander skole in die wêreld, Wye Wêreld, bring ons in kontak met verskeie internasionale skole. Uitruilaksies met skole in België, Duitsland en Reunion is tans sterk op dreef. Binnelands word uitstappies en toere onderneem en tot op hede het verskeie groepe leerders die Oranjerivier gaan aandurf.

Alles wat in die Hoërskool DF Malan gedoen word, word getoets aan die missie van 'n hoërskool vir jong volwassenes. Ons skool wil die leerders op 'n eietydse wyse vlerke gee waarmee hulle kan vlieg, maar ook die standvastig-heid om vasgeanker te bly aan die waardes en beginsels wat universeel goed en reg is.

Ons wil die vertroue uitspreek dat die inligting wat in hierdie prospektus saamgevat is, u 'n blik op die unieke visie en benadering van DF Malan sal bied ... en dat dit u sal aanmoedig om hierdie besondere onderwysbelewing eerstehands te kom ervaar.

LIGGING EN FISIESE GERIEWE

Hoërskool DF Malan, ongeveer 20 km vanaf Kaapstad, is in 'n gevestigde area en naby 'n ontwikkelende sakekern geleë. Die skool is omring deur verskeie bekende laerskole – binne stapafstand van die skool.
Die skool beskik tans oor die volgende geriewe:

* Verskeie rugby-, hokkie- en krieketvelde
* Sewe tennisbane (netbalbane in die winterseisoen)
* Netbalbane met spreiligte
* 'n Gimnasium
* 'n Leerdersentrum met 'n kafeteria
* 'n Treinwa omskep in 'n sportlosie
* 'n Onderdakpaviljoen
* 'n Rekenaarsentrum
* 'n I-sentrum: toegang tot die Internet, CD's en boeke
* 'n Lesinglokaal met video- en rekenaarfasiliteite
* Kunsateljees
* 'n Musieksentrum
* 'n Opvoedkundige Leidingsentrum
* 'n Moderne Verbruikerstudiesentrum
* 'n Tegnologiesentrum
* Laboratoriums met moderne toerusting



A: HOOFGEBOU
B: UITVOERENDE KUNSTESENTRUM
C: DIE TREIN
D: GIMNASIUM
E: WASSEBAD
F: KAFETERIA
G: PAVILJOEN
H: SPORTVELDE
I: LANGENHOVEN-STRAAT

KAMPUS

Die skoolkampus bestaan hoofsaaklik uit vier geboue en die sportfasiliteite. Die grootste is die hoofgebou waarin onder andere die administratiewe kantore gehuisves word. Die saal, kantore van die hoof, die adjunkhoofde en voogde maak ook deel uit van die gebou. Die kern van die klaskamers, laboratoriums, rekenaaronderrig en die I-Sentrum word ook in die hoofgebou aangetref.

Die Uitvoerende Kunstesentrum is aan die suidekant van die hoofgebou geleë en bevat die musiekonderrigklasse, die sportkantoor, asook die kunsateljees.

Die kantore van die voorligters, ander ondersteuningsdienste en klaskamers maak ook deel van hierdie gebou uit.

Die kampus beskik ook oor ‘n kafeteria wat gedurende skoolure en tydens sportgeleenthede verversings aan die leerders en personeel verskaf. Die kafeteria is direk langs die paviljoen geleë.

Die gimnasium word vir LO en ander byeenkomste gebruik. Direk langs die gimnasium is die sentrale bymekaarkomplek van die kampus, wat as Wassebad bekend staan en waar opelugbyeenkomste van die skool aangebied word.

‘n Ander ongewone en unieke eienskap van die DF-kampus is die trein. Geleë langs die tennisbane aan die heel suidelike kant van die kampus, sorg dit vir ‘n eiesoortige vergader- en ontspanningsfasiliteit.

Sportvelde en tennisbane voltooi die res van die DF-kampus.

KLEREBANK

'n Klerebank word op die kampus bedryf met skenkings van leerders en oud-leerders. Die klerebank doen geen aankope nie. Alle verkope geskied kontant. Die tweedehandse artikels, wat in 'n baie goeie toestand is, word teen baie billike pryse van die hand gesit.

Tye: Woensdae: 14:30 – 15:00. Een dag in Desember én een dag in Januarie (doen telefonies navraag).

DF MALAN SPORTWINKEL

Die DF Malan Sportwinkel verkoop die sportklere wat benodig word vir die onderskeie sportsoorte (bv. sweetpakbroeke, kortbroeke, rugby-, netbal- en hokkieklere) asook reënbaadjies.

Die DF Malan Sportwinkel is op die webblad. U kan gerus daar loer wat alles beskikbaar is sowel as die pryse van die klere.

Tye: Dinsdae: 2de pouse en 14:30 – 15:00
Vrydae: 2de pouse

VAKKEUSE

JUNIOR SEKONDÊRE FASE

Leerders in hierdie fase (graad 8 en graad 9) word aan die volgende leerareas blootgestel:

- Tale, Geletterdheid en Kommunikasie
- Natuurwetenskappe
- Mens- en Sosiale Wetenskappe
- Wiskunde en Wiskundige Wetenskappe
- Lewensoriëntering
- Ekonomiese – en Bestuurswetenskappe
- Kuns en Kultuur
- Tegnologie

Daar word ook voorsiening gemaak vir verryking in die areas waarin 'n leerder spesifieke aanleg en/of belangstelling toon.

SENIOR SEKONDÊRE FASE

Vakkeuse: Grade 10 – 12

Verpligte VIER vakke:

1. Afrikaans Huistaal
2. Engels Huistaal of Engels Eerste Addisionele Taal
3. Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid
4. Lewensoriëntering

Kies DRIE van die volgende vakke

1. Besigheidstudies
2. Drama
3. Duits
4. Ekonomie
5. Fisiese Wetenskap
6. Geografie
7. Geskiedenis
8. Ingenieursgrafika en ontwerp
9. Inligtingstegnologie
10. Lewenswetenskap
11. Musiek
12. Ontwerpkuns
13. Rekeningkunde
14. Rekenaartoepassingstegnologie
15. Verbruikerstudie
16. Visuele kunste
17. Xhosa

Kuns kan in grade 10 tot 12 as 'n vak by die Tygerberg Kunssentrum geneem word. Dit behels 'n verskeidenheid van rigtings.

Leerders kan, met verlof van die WKOD, toegelaat word om vanaf graad 10 **ekstra vakke** vir die Senior Sertifikaat aan te bied. Wanneer 'n leerder 'n ekstra vak wil aanbied, moet dit duidelik op die graad 10-vakkeusevorm aangebring word. Indien leerders later besluit om 'n ekstra vak aan te bied, moet 'n brief van die ouer of voog na Eduhelp@df gebring word. Die vak-keusevorm of brief dien dan as 'n aansoek wat deur die betrokke onderwysers oorweeg sal word. Enige navrae in hierdie verband kan met Eduhelp@df se personeel bespreek word.

Die skool streef daarna om elke leerder se volle potensiaal te ontgin. In die klassituasie word leerders aan verrykingsprogramme blootgestel, terwyl hulle ook die geleentheid gebied word om aan probleemsessies, uitstappies, uitstal-lings, kompetisies en olimpiades deel te neem.

OUERBETROKKENHEID

Ons glo dat 'n baie hegte verhouding tussen die ouerhuis en die skool nage-streef moet word: albei is trouens in vennootskap besig met die totale opvoeding van die kind. Om hierdie bande te versterk, is daar 'n aktiewe Ondersteunersklub. Die Ondersteunersklub nooi sprekers om oor aktuele onderwerpe te praat, is betrokke by fondsinsamelingsprojekte en reël sosiale geleenthede. Ouers en voogde skakel ook in graadgroepe met mekaar en met die onderskeie graadvoogde. Die Hoërskool DF Malan moedig alle kontak tussen die skool en die ouerhuis aan.

AKSIE OMGEE

Dit is 'n organisasie bedryf deur die leerders van DF Malan. Aksie Omgee bied aan hulle die geleentheid om betrokke te raak by nood in die gemeenskap.

Dit sluit in sowel dienslewering, as finansiële ondersteuning aan organisasies. Tans is die DF-leerders by 'n wye verskeidenheid van verdienstelike projekte betrokke.

VOOGDESTELSEL

Twee graadvoogde, 'n man en 'n dame, word by elke graadgroep aangestel. Dié twee persone tree soos skoolhoofde in elke graadgroep op. Daar is 10 graadvoogde vir die vyf grade en hierdie onderwysers is outomaties ook lede van die skool se bestuursleierspan.

Hier volg 'n diagrammatiese uiteensetting van die voogdestelsel.



Die graadvoogde is verantwoordelik vir skakeling met leerders/ouers/voogde oor:

- Akademie
- Dissipline
- Ander toepaslike sake

Eduhelp@df



Sielkundige Dienslewering en Voorligting

Kontak Lyzette Schwella MA (Stell.)

Tel. (021) 948 8781/2/3
Faks. (021) 948 2996
Epos: eduhelp@dfmalan.com
Frans Conradie Rylaan, BELLVILLE, 7530

Eduhelp@df word bedryf deur 'n geregistreerde Voorligting-sielkundige en skool-voorligter. Dienste word aan die skool en breër gemeenskap gelewer en sluit in:

- **studieleiding** en **vakvoorligting**
- **beroepsvoorligting** en **beroepskeuse**
- 'n inligtingsdiens ten opsigte van **tersiêre opleiding**
- ondersteuning van **terapeutiese intervensies** rondom persoonlike en emosionele probleme
- die ontwikkeling van **lewensvaardighede** ten opsigte van aspekte soos verhoudings, leierskap en besluitneming
- **ouerleiding**

Individuele intervensies en groepwerk, asook relevante psigometriese evaluering word ingespan.

Eduhelp@df bied ook privaatdienste aan teen mediese fondstariewe. Hierdie dienste is beskikbaar vir leerders en hulle ouers, asook vir die breër publiek.

Eduhelp@df streef daarna om die suksesvolle verwesenliking van elkeen se unieke potensiaal te bevorder.

SPORTAKADEMIE

Die doelstelling met die DF-Sportakademie is om leerders se sporttalente in so ‘n mate te ontwikkel dat elkeen wat wil, sy talente optimaal sal kan benut. Dit sluit hoëvlakdeelname in en is op alle sportsoorte van toepassing.

Akademie impliseer ‘n oordrag van kennis en vaardighede. Daarom bied die DF-Sportakademie die vak Sportwetenskap aan, wat aan leerders in die laer grade as keusevak aangebied word.

Sportwetenskap behandel modules soos:

- anatomie
- fisiologie
- oefenfisiologie
- sportsosiologie
- sportsielkunde
- biomeganika

Die teorie word ook met praktiese modules binne die vak aangevul.

Die idee is dus dat leerders met sporttalent bygestaan word in die verwesenliking van hul potensiaal deur middel van hoëvlakafrigting en ondersteuning deur ‘n teoretiese onderbou wat vir die leerder sin maak.

Sportwetenskap maak deel uit van ‘n leerder se normale skooldag. Hierdeur word sport, oefen en leer in ‘n normale vakrooster geïntegreer. Sport, as lewenswyse, word hiermee aan die akademie, wat nog steeds die hoofdoel van die Hoërskool DF Malan is, gekoppel.

Die koste verbonde aan Sportwetenskap word jaarliks deur die beheerliggaam vasgestel.

BUITEMUURSE DEELNAME

Waar dit ons taak is om die kind in sy totaliteit op te voed, vorm buitemuurse bedrywighede ‘n belangrike faset van die opvoedingsproses.

Ons beveel aan dat leerders aan ten minste een vereniging behoort en om, behalwe waar mediese redes dit verhoed, een wintersport en een somersport te beoefen.

Die skool bied ‘n wye keuse van buitemuurse bedrywighede aan en leerders kan, in oorleg met hul ouers, ‘n verstandige keuse maak.

Buitemuurse aktiwiteite word in klubverband aangebied.

Sport

Die volgende sportsoorte word deur die skool aangebied:

- Atletiek
- “Bodyboarding”
- Gholf
- Hengel
- Hokkie
- Krieket
- Landloop
- Lewensredding
- Netbal
- Rugby
- Skaak
- Swem
- Tennis

Leerders wat by ‘n sportklub registreer, moet vir die hele seisoen vir oefeninge en wedstryde beskikbaar wees.

Daar is vir elke sportsoort ‘n eiesoortige kode van reëls en prosedures beskikbaar. Die leerders kan dit by die sportkantoor afhaal.

Waar ‘n betrokke sportsoort nie deur die skool aangebied word nie, sal die Sportakademie help om leerders in aanraking met die betrokke sportklubs te bring (indien so benodig).

KULTURELE BEDRYWIGHEDE EN VERENIGINGS

Die volgende kultuuraktiwiteite word deur die skool aangebied:

- Avontuurklub
- Blaasorkes
- Debat
- Fotografieklub
- Koor
- Noodhulp
- Skoolkoerant
- Strykensemble
- Toneel
- WHAAM (VCSV)

Die leerders neem jaarliks aktief deel aan 'n wye verskeidenheid kompetisies op kulturele vlak, wat onder andere landwye redenaars- en entrepreneurs-kompetisies insluit.

Leerders kry gereeld die geleentheid om uitstappies te onderneem, sowel as om musiekuitvoerings, toneel- en ander opvoerings by te woon.

Leerders wat hul by 'n kultuurklub registreer, moet vir die hele jaar beskikbaar wees vir deelname.

DF BIED OOK BAIE EKSTRAS:

Talentkompetisie:
Ons talentvolle leerders kry die geleentheid om op musiek- en toneelgebied te wys waartoe hulle in staat is.

Mnr. en Mej. DF Malan:
Die verkiesing van Mnr. en Mej. DF is 'n glansryke geleentheid. Die leerders wat hierdie titels verower, beywer hulle vir welsynswerk en is ambassadeurs vir hulle skool.

MTBS:
'n Skouspel van sang en atletiek. Hierdie byeenkoms is reeds 'n tradisie en elkeen van die deelnemende skole (DF Malan, Tygerberg, Bellville en Stellenberg) streef daarna om die gesogte sang- en atletiekbekers te verower.

Outeniqua-naweek:
'n Opwindende sportnaweek teen die Hoërskool Outeniqua.

Toneelvereniging:
Leerders kry gereeld die geleentheid om uitstappies te onderneem, sowel as om musiekuitvoerings, toneel- en ander opvoerings by te woon.

Blaasorkes:
Voornemende lede kan in die instrument van sy keuse onderrig by die skool of by 'n erkende instansie ontvang. Instrumente is ook by die skool te huur.

Wye Wêreld-Uitreikprojek:
'n Ervaring van 'n leeftyd wag op dié leerders wat as uitruilstudente na suster-skole dwarsoor die wêreld gaan.

Avontuurklub:
Ons gr. 8's en 11's kry jaarliks geleentheid om die wit waters van die Oranje aan te durf. Ander staptogte en uitstappies word oor naweke aangebied.

Gr. 11-dag:
Die doel van dié dag is om die graadelfs voor te berei op die matriekjaar. Probleemoplossing, motivering en fisieke aktiwiteite in die natuur maak die dag baie spesiaal. Die matriektops se ontwerp word ook die dag gefinaliseer. Die kos is gewoonlik die hoogtepunt – die leerders eet soos konings!

Werkskadu:
Gr. 10-leerders kry geleentheid om by 'n werkplek van hul keuse ondervinding op te doen en daaroor verslag te doen.

Prysuitdeling en Diensdiplomaplegtigheid:
By hierdie geleenthede word aan leerders erkenning gegee vir verdienstelikheid of prestasies gelewer.

Olimpiades, kompetisies, vasvrawedstryde:
Leerders word aangemoedig om aan kompetisies, olimpiades en dies meer deel te neem. Sodoende doen hulle waardevolle ondervinding op. Sommige leerders het reeds met aantreklike pryse weggeloop.

WHAAM (VCSV):
WHAAM is 'n baie lewendige vereniging en leerders word aangemoedig om die jaarlikse kampe by te woon.

Skaakklub:
Die aktiewe klub volg 'n bedrywige program en lewer verskeie provinsiale spelers op.

Skoolkoerant:
Die Herout verskyn gereeld en aspirantjoernaliste kry die geleentheid om al die aspekte van die koerantwese eerstehands te ondervind.

Oorsese toere:
Daar is gereeld 'n groep DF-leerders in die buiteland – hetsy op 'n sport- of kultuurtoer.

Mandaryns:
Leerders kan ook Mandaryns as gesprekstaal aanleer (nie eksamenvak). So word leerders wêreldburgers.

Debat- en Redenaarsvereniging:
Leerders neem jaarliks aktief aan 'n wye verskeidenheid streeks- en landwye kompetisies deel.

Entrepreneurskap:
Dit word as 'n ekstra vak in gr. 11 aangebied.

I-Sentrum:
'n Volledig toegeruste Inligtingsentrum met internet en naslaanbronne is tot die leerders se beskikking.

DF-Dans:
Hierdie platform is geskep om leerders aan 'n verskeidenheid dansstyle, onder andere "ballroom" en "hip hop" bloot te stel.

Dit bied leerders in ons skool ook die geleentheid om aan hul choreografietalente uiting te gee en dit te ontwikkel. Meer ervare dansers is byvoorbeeld vir die junior en "ballroom"-klasse verantwoordelik.

Die idee is dat dansgroepe gevorm word wat elk hul eie danse uitwerk en inoefen. Ons beplan dan om hierdie groepe die geleentheid te bied om by skoolfunksies op te tree.

ALGEMENE INLIGTING

Nuttige gegewens:

Skoolhoof	:	Mev. J.S. Dorfling
Adjunkhoofde	:	Mnr. G.J. Kotzé Mnr. G.J.C. Visser
Skooltye	:	Maandae tot Donderdae: 07:45 – 14:30 Vrydae: 07:45 – 14:00

Betalings:

Skoolfonds
Die bedrag vir die skoolfonds word jaarliks aan die ouers bekend gemaak deur 'n skrywe van die voorsitter van die Beheerliggaam. Reëlings vir die wyse van betaling kan met die skoolhoof getref word.

Musiekgeld
Byvak: Jaarliks vasgestel.

Instrumenthuurgeld (Blaasorkes)
Jaarliks vasgestel.

Geld vir ekstra vakke
Word jaarliks vasgestel.

Die Handves vir DF-regte
Die Handves vir DF-regte is 'n gids wat reëls en regulasies bevat wat leerder-gedrag bepaal. Elke leerder ontvang so 'n handves.